# DIE ROL VAN F.W. REITZ IN DIE STIGTING VAN DIE NASIONALE MUSEUM, BLOEMFONTEIN

**E. du Toit**

Die stelling dat Francis William Reitz (Hoofregter 1874-1888 en President van die Vrystaatse Republiek 1888-1895) die stigter is van die Nasionale Museum, Bloemfontein, word deur die volgende aanhaling weerlê: "His Lordship, the Chief Justice Mr. F.W. Reitz, who occupied the chair, stated that, 'although he had come with the intention of being an observer only, yet he had great pleasure in supporting the resolution that had just been placed in his hands ...' " (Hoffman, p. 332).

Die aanhaling verwys na die stigtingsvergadering van die Nasionale Museum wat op 20 Julie 1877 in die stadsaal van Bloemfontein gehou is. Hoofregter F.W. Reitz is gevra om die voorsitterstoel in te neem. Sy reaksie daarop, soos hierbo aangehaal, verskyn in De Express, 26 Julie 1877. Die doel van die vergadering, waar 'n groot aantal belanghebbendes teenwoordig was, was om te besluit watter stappe gedoen moes word om 'n Nasionale Museum te stig. Biskop Webb, gesekondeer deur die staatsekretaris, mnr J.F.K.R. Höhne, het die volgende mosie ingedien: "That, in the opinion of this meeting, it is desirable to establish a National Museum" (De Express, 26 Julie 1877). Hoofregter F.W. Reitz het die mosie ondersteun met die volgende woorde: "... This was an effort to preserve such antiquities as might still exist in this country. If not preserved, even such memorials of ancient times as were yet to be found would be entirely lost. Such memorials were not numerous amongst us, we did not inherit any great past: our noble mission was to create a future. Still there were certain monuments which told tales of their own, and before these disappear it would be well to establish a museum, so as to catch what is just on the eve of passing away ..." (De Express, 26 Julie 1877). Die volgende elf jaar het Reitz 'n leidende rol gespeel in verband met die vestiging van die museum.



*F.W. Reitz was 11 jaar lank lid van die komitee van die Nasionale Museum.*

'n Komitee is verkies om beheer uit te oefen oor die vestiging van die museum wat uit die volgende lede bestaan het: Hoofregter F.W. Reitz (voorsitter), dr Hugh Exton, mnr M. Leviseur, dr J. Brill, mnr J. Brebner, regter J. Buchanan en mnr McKenzie. Die voorstel van dr Brill is deur die vergadering aanvaar dat dr Exton versoek moet



*Eerste Raadsaal, wat deur die Regering aan die komitee van die Nasionale Museum in 1877 toegesê is. Die twee syvleuels wat op die foto verskyn is op 'n later stadium aangebou*

word "to accept the honorary Curatorship of the National Museum" (De Express, 26 Julie 1877). Dr Exton het die kuratorskap aanvaar waarvoor hy geen vergoeding ontvang het nie. Sy belangrikste funksies was om die eksemplare te klassifiseer terwyl dit die funksie van die komitee was om reëls op te stel, fondse te vind vir die vervoer van museumvoorwerpe en verkryging van uitstalkaste en om die munisipaliteit van Bloemfontein te nader om 'n skenking van minstens £50 te maak.

Ten tye van die genoemde vergadering het die Volksraad van die Vrystaatse Republiek die Eerste Raadsaal, waar daar later twee syvleuels aangebou is, as 'n museum aan die komitee toegeken. Mnr Abrahamson het voorgestel: "That this meeting desires to express its gratitude to the Honourable Volksraad for the grant of a Public Building for the purpose of a National Museum" (De Express, 26 Julie 1877). Die woorde van regter M. de Villiers sluit hierby aan: "The building granted by the Raad is that in which the Convention was signed and the independence of this State acknowledged, as such it was an appropriate building for a Museum, as being itself a National Curiosity" (De Express, 26 Julie 1877).

Die Nasionale Museum is amptelik op Maandag, 20 Mei 1878 geopen. Reitz was voorsitter van die museumkomitee tot met sy verkiesing as President van die Vrystaatse Republiek teen die einde van 1888. Ná 'n besluit van die museumkomitee, het die kurator, dr Exton, die volgende adres op 10 Januarie 1889 aan pres. Reitz by sy woning voorgelees:

*"HoogEdele Heer, Wy die ondergetekenden Uwe medebestuur van het Nationale Museum roepen U.E. een hartelijk welkom toe in de gewichtige waardigheid door U zooeven op U genomen.*

*Sedert jaren was U HoogEdele onder ons werkzaam met onvervlaauwden ijver en lust om al wat de ontwikkeling en de opvoeding kon dienstig zijn te bevorderen en vooruit te bringen. Het National Museum is ook een bewijs hoe zeer U HoogEdele in dat deel streven is geslaagd en dit hulp middel van Onderwys waarop terecht met trots mag worden gewezen is U dankbaar voor al wat U.H.E. deed om het te helpen maken wat het is.*

*De warme belangstelling door U.H.E. op dit gebied getoond geeft ons groote verwachtingen op een ruimer arbeidsveld namelijk waar de hooge belangen van den Staat aan U.E. zijn toevertrouwd en levendige blydschap gevoelen wij dat de keuze van de overgroote meerderheid des volks zich op U.H.E. heef gevestigd. De Heer die steeds naabij was zij U.H.E. verder in lief en leed, in vreed en tegenspoed, een trouwe leidsman en mag zijn zon van geluk op U.H.E. en Uw gezin en op dezen Staat by voortduuring schijnen"* (Hoffman, p. 336).

In die elf jaar wat Reitz die voorsitter van die museumkomitee was, is die kern van die Nasionale Museum se versameling daargestel. Onder 'n entoesiastiese bestuur het die Museum vinnig uitgebrei. Die komitee het jaarliks in groot detail verslag gedoen aan die Volksraad van vordering wat gemaak is om as motivering vir die Volksraad te dien om die Museum geldelik te steun. Van 1879 af is 'n jaarlikse bedrag aan die Museum toegesê. Deur die besoekersgetalle van 1880-81 kan die belangstelling wat die museum ontlok het by die publiek, bepaal word. Gedurende dié tydperk was daar meer as 5 000 besoekers by die museum wat toe nog net op Vrydag- en Saterdagmiddag oopgestel was.

Hoewel Reitz dus nie die stigter van die Nasionale Museum is nie, was dit tog grootliks aan sy inisiatief te danke dat die museum wel gevestig is. In 1884 kon Reitz met trots verklaar dat die museum ontwikkel het "tot een inrichting ons kind en volk waardig, eene versameling leerzaam voor het thans levende geslacht en een kostbaar gedenkteeken voor volgende geslachten" (Moll, p. 197).


**BIBLIOGRAFIE**

DU TOIT, M.A. Die Geskiedenis van die Nasionale Museum 1877 tot 1969. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 28/1 (13) Januarie 1972, pp. 24-35

HOFFMAN, A.C. Interesting Aspects about the Early History of the National Museum in Bloemfontein. *SAMAB* 6 (13) Maart 1958, pp. 332-6.

OBERHOLZER, J.J. 'n Kort geskiedenis oor die Stigting van Bloemfontein en die Nasionale Museum. *SAMAB* 9 (12) September 1970, pp. 409-15

MOLL, J.C. Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, vol. 36, 1973, p. 197

NASIONALE MUSEUM. Notules 20 Julie 1877 — art 1884

DE EXPRESS, Donderdag, 26 Julie 1877


# PERSONALIA



*Nuwe personeel: Mej. C.H. Engelbrecht (links), assistente Kultuurgeskiedenis en mev. L. Zietsman (regs), navorsingsassistente Plantkunde.*

# THE ART OF TAXIDERMY



A young Jaguar (Amerikaanse luiperd) mounted in a life-like position by taxidermist Van Rooyen Strydom.